



Beleid en prosedures: Vrystellings

BELEID EN PROSEDURES: VRYSTELLINGS**1. BELEID**

- 1.1 In ooreenstemming met die Departement van Onderwys se beleidsdokument *Die Nasionale Seniorsertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4 van die Nasionale Kwalifikasies Raamwerk* mag leerders vrygestel word daarvan om 'n tweede taal en/of Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid in Grade 10 – 12 aan te bied.
- 1.2 In die geval van 'n vrystelling het die IEB dit ten doel om te verseker dat vakkeuse individuele akademiese sukses bewerkstellig.
- 1.3 Die IEB sal na sy algehele diskresie sodanige aansoeke van leerders oorweeg wat
- (i) ernstige en intrinsieke struikelblokke in Wiskunde ondervind
 - (ii) 'n intrinsieke leerstruikelblok ondervind wat voorkom as *dysphasia*, soos ekspressiewe of reseptiewe taalgebreke en/of leerprobleme soos disleksie
 - (iii) 'n betekenisvolle gehoorgebrek het
- 1.4 'n Taalvrystelling moet nie verwar word met 'n taalkonsessie wat aan leerders met immigranstatus toegestaan word nie.
- 1.5 Volgens die beleid berus die besluit of 'n vrystelling toegestaan sal word by die IEB en sy Vrystellingspaneel en nie by die praktisyn wat die assesserings uitvoer of by die skool nie.

2. LEERSTRUIKELBLOKKE WAARVOOR 'N VRYSTELLING NIE TOEGESTAAN KAN WORD NIE

Probleme met die taalmedium: waar die leerder probleme het omdat die taal van assessering nie die huistaal van die leerder is nie.

3. PROSEDURES VIR AANSOEKE

- 3.1 Skole moet kopieë van alle aansoeke hou.
- 3.2 Die gemiddelde proseseringstyd van 'n aansoek is 12 weke na die IEB die aansoek ontvang het. Dit sluit besige tye en die einde van die jaar uit.
- 3.3 Vrystellingaansoeke vereis 'n holistiese profiel van die kandidaat. Om spoedige verwerking van die aansoek te verseker, verwys asseblief na die tabel hieronder en handig al die vereiste dokumentasie in.

A. Aansoek vir vrystelling van Taal of Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid

	Psigo-opvoedkundige evaluering	Ondersteunende historiese bewyse	Opmerkings deur relevante onderwysers	Skool-rapport	Skool-voor-beelde	Mediese verslag (indien toepaslik)	Spraak en Taal-Terapie Taal-assessering
Taalvrystelling	✓	✓	✓	✓	✓	✓	Indien die paneel dit benodig
Wiskunde/ Wiskundige Geletterdheid	✓	✓	✓	✓	✓	✓	

- B. Aansoek om vrystelling van Taal of Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid waar 'n aansoek vir akkommoderings reeds deur die IEB geprosesseer is.

(Aangesien die inligting ingesluit in hierdie aansoek 'n addendum tot die vroeër akkommoderingsaansoek is, word slegs nuwe opgedateerde inligting vereis.)

	Psigo-opvoedkundige evaluering	Ondersteunende historiese bewyse	Opmerkings deur relevante onderwysers	Skool-rapport	Skool-voor-beelde	Mediese Verslag (indien toepaslik)	Spraak en Taalterapie Taal-assessering
Taalvrystelling		✓	✓	✓	✓	✓	Indien die paneel dit benodig
Wiskunde/ Wiskundige Geletterdheid		✓	✓	✓	✓	✓	

3.4 Psigo-opvoedkundige evaluering

'n Volledige psigo-opvoedkundige evaluering wat die leerstruikelblok deeglik beoordeel en 'n omvattende kliniese geskiedenis word vereis.

Die battery van toetse moet die volgende insluit:

3.5 3.5.1 'n Kognitiewe evaluering

Die sielkundige mag vanuit die volgende kies: die SSAIS-R, die WISC-IV (UK) of die WAIS-III/IV (UK). Die CAS mag gebruik word om die bevindings van die kognitiewe evaluering te ondersteun.

Neem asseblief kennis dat die SSAIS-R beskikbaar is in Engels, Afrikaans, Zulu, Xhosa en Setswana. Indien die SSAIS-R gebruik word, sluit asseblief die addisionele subtoets (kodering en syfergeheue) in.

Die kognitiewe evaluering moet deur 'n geregistreerde sielkundige uitgevoer word voor die end van Julie van die Graad 9-jaar. As 'n kognitiewe evaluering voltooi is binne die vorige twee jaar hoef dit nie weer gedoen te word nie. Die opvoedkundige evaluering moet egter herhaal word

'n Volledige psigo-opvoedkundige verslag word vereis wat alle aspekte van die kind se leerproses deurgrond en is nie beperk tot die spesifieke versoeke van die huidige aansoek nie.

Aangesien resultate ook deur ander assessors besigtig kan word as net die betrokke sielkundige, moet die aangehegte Toestemmingsvorm D deur die ouers/wettige voog asseblief ingesluit word.

Aanbevelings moet alle leerareas wat akkommodering benodig spesifiseer.

Neem asseblief kennis dat alhoewel aanbevelings deur die sielkundige gemaak sal word, dit die IEB se Vrystellingspaneel is wat die besluit rakende die leerder sal neem, gebaseer op al die inligting wat voorgelê is.

3.5.2 Opvoedkundige evaluering

'n Opvoedkundige evalueringsverslag wat binne 6 maande van die aansoek voltooi is, moet voorgelê word. Voorsien asseblief die gestandaardiseerde tellings bykomend tot ouderdomsekwivalente tellings.

- Lees-, spel-, dekodering- en skryfvaardighede moet geassesseer word. Voorsien asseblief voorbeelde van foute wat deur die leerders gemaak word.
- In die geval van 'n Wiskunde/Wiskundige Geletterdheid-aansoek kan addisionele toetse aangevra word nadat die aansoek voorgelê is.
- Die opvoedkundige toetse mag deur 'n toepaslik gekwalifiseerde onderwyser uitgevoer word.
- Die akademiese en kognitiewe resultate moet in 'n geïntegreerde formaat aangebied word.

Die vereiste toetse kan deur addisionele toetse aangevul word, indien dit nodig blyk om 'n spesifieke probleem te help identifiseer.

Opvoedkundige evaluering vereis

(a) Lees

- Die Edinburgh Reading Test Stage 4 (Hodder and Stoughton)
Wanneer die Edinburgh-toets gebruik word, moet 'n nuwe kleur pen gebruik word as die leerder nie binne 45 minute klargemaak het nie. Dan moet hy/sy toegelaat word om die toets te voltooi. Verkry die telling by 45 minute en weer by voltooiing en noteer die tyd wat geneem is. Doen verslag oor die 5 subtoets-tellings wat binne beide tye behaal is.
- 'n Gegradeerde Woordlees-Toets uit die volgende keuses:
 - BAS
 - WORD
 - WIAT
 - Nelson Graded Word
 - ESSI
- Toetsing van Nie-Woordlees uit:
 - PhAB (Phonological Assessment Battery – NFER Nelson)
 - Graded Non Word Reading Test (Thames Valley Test Company), ten spyte van die ouderdomsperk van die toetse.
 - WIAT
- Toetsing van Woord-Leesvaardigheid (TOWRE) – (NFER-Nelson).
- Woordkettings – (NFER-Nelson).

(b) Spelling

- Kies een van die volgende toetse:
 - ESSI
 - Vernon Graded Word Spelling Test (Hodder and Stoughton)
 - BAS Spelling
 - WORD Spelling
 - WIAT Spelling

3.6 Aanvullende Historiese Bewyse

Enige aanvullende verslae soos arbeidsterapie, spraakterapie, remediërende programverslae, of enige ander mediese dokumente moet ingesluit word om die vrystellingaansoek aan te vul.

3.7 Onderwysers se kommentaar

Daar moet asseblief 3 kommentare van onderwysers ingesluit word:

Taalvrystellings: Alle taalonderwysers moet kommentaar lewer.

Wiskunde/Wiskundige Geletterdheid: Die Wiskunde-onderwyser moet kommentaar lewer.

Hierdie onderwysers se opmerkings moet onafhanklik van mekaar geskryf word. Die bedoeling van hierdie opmerkings is om 'n indruk te verskaf van hoe die leerder se probleme tydens lesse en in assesserings tot uiting kom.

3.8 Skoolrapport

Die mees onlangse skoolrapport moet voorgelê word. Enige ander relevante skoolrapporte wat die vroeë geskiedenis van probleme daarstel, sal van waarde wees vir die paneel.

3.9 Skoolvoorbeelde

Voorbeelde van werk wat die oorweging van die spesifieke vrystelling waarvoor aansoek gedoen word, sal ondersteun, moet voorgelê word.

3.10 Mediese Verslag

As 'n leerder behandel word vir 'n voortdurende mediese of psigiatriese toestand, moet 'n onlangse mediese verslag of Vorm C verskaf word.

Hierdie verslag moet die datum van diagnose, ingrypingstrategieë (huidige en vorige) en oorblywende uitdagings insluit.

VORM A**AANSOEK VIR 'N VRYSTELLING**

Naam van Sielkundige _____

Registrasienuommer (waar toepaslik) _____

Datum van Assessering _____

	Merk asseblief
Eerste Addisionele Taal	
Wiskunde/Wiskundige Geletterdheid	

Die skool moet hierdie aansoekvorm en die relevante aangehegte dokumente by die IEB inhandig teen die end van Julie van die Graad 9-jaar.

PERSOONLIKE BESONDERHEDE

Naam van leerder: _____

Geboortedatum: _____

Ouderdom van leerder
(by datum van assessering): _____

Huistaal van leerder: _____

Onderrigtaal: _____

Graad: _____

Naam van skool: _____

Naam van prinsipaal: _____

Kontakpersoon: _____

Telefoonnommer: _____

Faksnommer: _____

E-posadres : _____

ALGEMENE INLIGTING

1. Kort beskrywing van die leerstruikelblok.

2. Het die leerder enige bystand of ondersteuning gedurende sy/haar skoolloopbaan ontvang? Lewer asseblief kommentaar..

3. Punte behaal in elke vak in die mees onlangse skooleksamen. Voltooi die onderstaande tabel.

Vak	Punte (%)	Graadgemiddeld (%)

VORM B



**KONTROLEER ASSEBLIEF DAT AL DIE INLIGTING VERSKAF IS VOOR
VOORLEGGING VAN AANSOEK**

Handtekening van persoon verantwoordelik vir aansoek om vrystelling: _____

Prinsipaal se Verklaring:

Ek lê hierdie aansoek om vrystelling voor en het seker gemaak dat alle besonderhede korrek en volledig is.

Naam: _____

Geteken: _____

Datum: _____

VORM C



MEDIESE VERSLAG OM AANSOEK AAN DIE IEB VIR VRYSTELLING:

VIR: _____

Diagnoserende spesialis: _____

Praktyknommer: _____

Spesialisasie: _____

Hierdie verslag is 'n vertroulike dokument. Die inhoud sal gebruik word slegs om die Vrystellingspaneel te help om tot 'n besluit te kom.

Diagnose: _____

Huidige ingrypingstrategieë: _____

Beskryf asseblief die oorblywende probleme wat, ten spyte van ingrypings, steeds waarneembaar is en waarskynlik prestasie in eksamens kan benadeel.

Geteken: _____ Datum: _____

VORM D**TOESTEMMINGSVORM**

Ek, _____ die ouer/wettige voog van _____
gee hiermee toestemming vir die aangehegte psigo-opvoedkundige verslag en alle historiese
aanvullende bewyse om aan die IEB se Vrystellingspaneel gestuur te word.

Die Vrystellingspaneel onderneem om hierdie inligting te respekteer en as vertroulik te hanteer.

Ouer/voog:

Geteken: _____

Datum: _____